**I.M.S.**

**Vol. I, No. 63**

**MUNISIPALITEIT**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
14 JUN 1965
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

30 April 1965.

## STADSBEPLANNING

Die bespreking met die eienaars in Van Riebeeckstraat en Jonkershoekweg i.v.m. die moontlike verbreding van die twee strate het toe plaasgevind en die aangeleentheid is in groot besonderheid bespreek en toegelig. Baie wenke en voorstelle het uit die gehoor gekom om die toestande wat ontstaan het te verhelp sonder om die betrokke strate hoegenaamd te verbreed of tot dié mate wat die Raad in die vooruitsig gestel het. Ek vrees almal is nie maklik uitvoerbaar nie, en in sommige gevalle sal die uitwerking van die wenke wees dat nog erger toestande elders geskep sal word.

Die Raad het sedertdien die saak weer bespreek maar hoop om dit by die komiteevergadering in Mei verder te voer. Ek verwag in elk geval dat geen finale beslissing geneem sal word totdat die hersiening van ons stadsbeplanningskema weer aandag geniet het, in die lig van die ondersoek wat tans uitgevoer word. Die Raadgewende Stadsbeplanner, mnr. Field, is tans op Stellenbosch in verband met die voorlopige ondersoek wat hy vir die Raad doen.

## MUNISIPALE WOONERWE

Die 15 erwe wat aan die noordekant van Kommandeurslaan in Simonswyk per veiling aangebied is, het pryse wat tussen R1,500 en R2,400 gewissel het, behaal. Dat daar 'n kroniese tekort aan woonpersele op Stellenbosch bestaan, val nie te betwyfel nie. Die Raad is ook deeglik bewus daarvan en doen alles in sy vermoë om verdere erwe beskikbaar te stel. Daar word nou aan die dienste in Uniepark gewerk en die ingenieurs het opdrag om hoë prioriteit aan die werk te gee.

Die Raad het ook reeds 'n residensiële gebied ten weste van die Spoorweg (tussen Fisons en Blake se Steenmakery) beplan, maar die kwessie van 'n spoorwegoorgang het die werk daar sover vertraag. Op sy vergadering op 27 April 1965 het die Raad 'n brugskema goedgekeur wat by die aansluiting

van Hofmanstraat en Moltenostraat sal begin en daarvandaan met 'n boog oor die spoorweg sal gaan. Die spoorweë se goedkeuring van die brugskema sal nou gevra word, waarna ons hoop om vinnig te vorder met die onderneming.

## 'N BEWAARSKOOL VIR BLANKE KINDERS

Die A.C.V.V. huur tans die ou Bergzicht-opstal van die Raad en het daarin 'n bewaarskool vir voorskoolse blanke kinders begin.

Die A.C.V.V. verdien ons dank en waardering vir die moeite wat hulle doen om in 'n baie dringende behoefte te voorsien. Vir baie werkende moeders beteken dit baie om te weet dat hulle kindertjies daar onder goeie toesig en behoorlike versorging verkeer terwyl hulle uitgaan om een of ander beroep te beoefen en sodoende help om die familie-inkomste aan te vul. Die Kindersorgvereniging doen alreeds vir jare dieselfde werk onder ons Kleurlinge, met baie goeie resultate.

## HERVESTIGING VAN 'N AANTAL KLEURLINGGESINNE

Die behuisingskema vir Kleurlinge in Idasvallei vorder goed en daar word gehoop dat sommige van die huise teen die einde van die jaar voltooi sal word. Die Raad het intussen reeds besluit dat bewoners in die volgende areas voorkeur sal kry wanneer die nuwe wonings beskikbaar word, nl.:

(a) Huidige noodkamp in Idasvallei;
(b) Gesinne in Botmaskop;
(c) Gesinne wat tans by die slagplaas woon;
(d) Inwoners van die Kruger-eiendom by die brug in Strandweg;
(e) Ander groepe volgens meriete (opslaanhutte en gesinne binne blanke gebied).

## PARKERING IN DIE LAAN

Dit blyk dat 'n hele aantal motoreienaars tydens die Dalrymple-byeenkoms verlede week, verkeerskaartjies aan hulle motors gevind het omdat hulle op die sypaadjies sou parkeer het.

Hierdie feit is vroeër in die week aan die Raad gerapporteer en daar is op gewys dat daar reeds in 1962 besluit is om parkering op die sypaadjies aldaar te verbied.

Omdat ons 'n beperkte verkeerspersoneel het, kan die besluit nie elke dag toegepas word nie, sodat persone somtyds die oortreding sal begaan sonder enige slegte gevolge.

Wanneer daar egter verkeerspersoneel aan diens is tydens sportbyeenkomste slaan hulle wel ag hierop en so het heelwat motoriste die afgelope weke kaartjies gekry. Die Raad het nou besluit om voortaan streng op te tree teen oortreders en die publiek word gevra om ag te slaan op hierdie

waarskuwing. Etlike persone het reeds gewys op die gevaar wat motoriste wat op die sypaadjies parkeer, vir die voetgangers skep en dit was ook 'n belangrike oorweging wat in dié verband in aanmerking geneem is. Dit is moontlik dat ons met Intervarsity 'n uitsondering sal moet maak.

Intussen het die Raad ook besluit om die Universiteit te vra om, indien moontlik, meer parkeergeriewe op die terrein van die sportgronde te skep.

---

7th May, 1965.

**THE 1965 MUNICIPAL CONGRESS**

Stellenbosch has always taken a keen interest in the work of the Cape Province Municipal Association; in fact it played a leading part in establishing that body in the interest of local government generally.

Accompanied by the Deputy Mayor (Councillor Dr. J. C. de Wet), Councillor C. W. Marais and the Town Clerk (Mr. M. J. Smith), I have had the honour of attending and presiding over the Municipal Congress which was held at Cape Town this week.

The Congress was opened on Monday evening, 3rd May, 1965, by His Honour the Administrator of the Cape Province, Mr. J. N. Malan. As is customary, a meeting of the Executive Committee of the Association took place during the morning of that day.

The Administrator in his opening speech laid stress on the need for greater interest from the side of the ratepayers in Municipal affairs. He deplored the lack of interest in public meetings at which important matters such as loan proposals were discussed. Even Municipal elections in many instances fail to arouse public interest.

After he had introduced new members of the Executive Commitee of the Province, the Administrator paid tribute to our local M.P.C., Mr. A. P. Venter, for what he had done for local Government during recent years. He also sounded a note of warning to Municipalities in regard to embarking on building projects which were not essential, and drew particular attention to the part which the Coloured community could play in our problems.

I hope to refer to matters on the agenda for the Conference in a later issue of the Review.

**MAIN ROAD TO SOMERSET WEST AND NEW BRIDGE OVER THE EERSTE RIVER**

Full agreement has been arrived at between the Municipality and the Divisional Council in regard to these two projects. Blersch Street will link up with the new section of the

main road to Somerset West that has been planned by the Divisional Council via the new bridge that is to be constructed over the Eerste River. It will also be suitably connected with Adam Tas Street so that a new artery for inter-town traffic will be available which can relieve existing streets of through traffic which does not need to pass through the town.

The Divisional Council will prepare and carry out the bridge scheme. The bridge will be made wide enough to take four traffic lanes. The Municipal Council will contribute its share of the cost.

At the same time the Council has decided to have plans and specifications prepared for Blersch Street from the bridge up to its connection with Adam Tas Street. Instead of the width of 80 feet, as considered ample some years ago, a width of 120 feet has now been decided upon. The properties required for the widening of the street within the municipal boundary have already been bought up by the Council.

**OUR LIBRARY**

Reports on the opening stages of the Library are most heartening. The membership, which now stands at 2,699, is growing daily — in April alone 500 members joined.

So far 11,730 books have been taken out. The success is the reward for much hard work.

**THE WESTERN CAPE ASSOCIATION FOR THE PROMOTION OF TOURISM**

The Association has appointed Mrs. M. Verwey in the capacity of a part-time Secretary and Treasurer. She has moved into the existing publicity office in the Town Clerk's Department, where she will be in attendance from 9 a.m. to 12 noon from Mondays to Fridays. She is looking forward to receiving visitors seeking information and advice and to assist in promoting tourism in every possible way.

**THE GROSVENOR HOUSE MUNICIPAL MUSEUM**

At the most recent annual meeting of the subscribers the name of the museum was discussed. The matter is somewhat involved as the Museum has already been given a name and the building itself is also listed as a National Monument as Grosvenor House. However, the matter was referred to the Board of Trustees, who will no doubt deal with it at this month's meeting.

**TERCENTENARY OF THE FOUNDING OF STELLENBOSCH**

Although to some the year 1979, when Stellenbosch will celebrate its 300th birthday, is rather far away, the Council has nevertheless decided to make a beginning with the pre-

parations in as far as the writing of the history of the town is concerned and it has been fortunate in getting assurances of whole-hearted support and co-operation from men of knowledge and experience in dealing with such an undertaking. To produce a book which will be unsurpassed and unrivalled for scientific and thorough approach and also for beauty and quality of printing and illustrations will be the aim.

Mr. J. van der Byl, Dr. A. M. Hugo, Professor D. J. Kotzé and Mr. H. Fransen, the newly appointed curator of the Grosvenor House Museum, have formed an editorial Committee with headquarters at Grosvenor House where regular meetings are to take place.

Contact will be maintained with the Municipality and the Committee could make suggestions as to co-opting others. There is such a wealth of material to be sorted out and digested that the Committee is satisfied that it is by no means too early to make a beginning.

It is no small task to organise the work and formulate a scheme for the book, which, it is hoped, will make pleasant reading for the average person and yet meet the requirements of others who are more scientifically minded.

---

14 Mei, 1965.

**DIE KIESERSLYS**

Graag bring ek onder die publiek se aandag dat die munisipale kieserslys in die nabye toekoms weer hersien staan te word. Die nodige amptelike kennisgewings sal eersdaags in die pers verskyn en belangstellendes wie se name nog nie op die lys verskyn nie, moet asseblief kennis neem van die datums wat betrekking het op die saak. Aansoekvorms is by die Stadsklerk verkrygbaar.

Ek moet dit beklemtoon dat alhoewel die Munisipaliteit alles in sy vermoë doen om die kieserslys so volledig moontlik te maak, dit eintlik die verantwoordelikheid van die kieser is om te sorg dat sy naam op die lys opgeneem word.

**DIE MUNISIPALE KONGRES**

Soos ek verlede week belowe het, word hier kortliks verwys na 'n paar sake van belang wat op die Munisipale Kongres bespreek is.

(a) **Goedkeuring van Munisipale Lenings**

Tot dusver was 'n Stadsraad verplig om 'n vergadering van belastingbetalers byeen te roep om leningsvoorstelle te oorweeg en goed of af te keur. Omdat hierdie vergaderings gewoonlik baie swak bygewoon word, het die Kongres 'n

konsep-ordonnansie voor hom gehad waarin sodanige vergaderings afgeskaf word. Toe dit tot stemming gebring is het 'n groot meerderheid ten gunste daarvan gestem.

As die Provinsiale Raad dit ook nou goedkeur sal die prosedure voortaan wees dat alle leningsvoorstelle deur 'n Raad geadverteer moet word en belastingbetalers moet dan hulle vertoë vir of teen die voorstelle skriftelik by die Raad indien. Die uiteindelike beslissing berus by die Administrasie.

'n Stadsraad kan nog steeds, as hy wil 'n vergadering van belastingbetalers belê om lenings te oorweeg maar is nie verplig om dit te doen nie.

(b) **Munisipale Kiesstelsel**

Die Kongres het kennis geneem van 'n Konsepordonnansie waarin die stelsel van munisipale verkiesings aansienlik gewysig word. Raadslede sal voortaan vir 4 jaar gekies word, maar die helfte van die Raad tree elke twee jaar af. Die volgende verkiesing word in 1966 gehou en sal ooreenkomstig die nuwe voorskrifte geskied.

**MUNISIPALE SWEMBAD**

Die Stadsraad het so pas die terreinplan van die toekomstige ontwikkelinge op Bergzicht goedgekeur. Dit sluit die voorgestelde swembad, 'n tweede rolbalbaan en 'n pluimbalsaal in, asook 'n parkeerarea vir meer as 300 motorkarre.

Die volgende stap is nou die aanstelling van 'n argitek om die swembad te beplan en dit sal oor twee weke oorweeg word.

**SLUIT VAN STRATE MET INTERVARSITY**

Dit het gebruiklik geword om sommige strate op die dag van Intervarsity te sluit en die Raad is voornemens om dit weer te doen. Die nodige kennisgewings sal in die Pers verskyn. Ek wil 'n beroep op almal doen om saam te werk en die bevele van die verkeersamptenare te gehoorsaam, sodat die groot skares so doeltreffend moontlik, gehanteer kan word.

**HOSPITAAL VIR KLEURLINGE**

Die plaaslike Hospitaalraad in samewerking met amptenare van die Provinsiale Administrasie is reeds geruime tyd besig om na 'n geskikte perseel vir 'n hospitaal vir kleurlinge te soek. Die Stadsraad verleen alle moontlike hulp in hierdie verband. Verlede week het 'n vergadering van al die belanghebbende partye weer hier plaasgevind en sekere voorstelle sal nou aan die Administrasie gemaak word. Die owerheid beskou die bou van hierdie hospitaal as 'n dringende noodsaaklikheid.

21st May, 1965.

**THE REVISION OF THE VOTERS' ROLL**

Although the official notice which I mentioned in last week's review is appearing in this issue, my wish that the Voters' Roll should be as complete as possible and that nobody entitled to the municipal franchise should be deprived of it, prompts me to draw attention to the pending revision and the opportunity it offers to be enrolled and gain influence on municipal matters of importance.

After the notice has appeared on 21st May, the roll will be open for inspection from 28th May to 11th June. Claims on the prescribed forms which are obtainable at the municipal offices and objections to names appearing on the roll must be lodged before 11th June.

The Revision Court will sit at 10 a.m. on Thursday, 24th June. The law provides that the Court has three members one of whom shall be the Mayor, or in his absence the Deputy Mayor, and two other Councillors. Councillors A. B. de Villiers and E. S. Swart have been elected to serve on the Revision Court with the Mayor. The Deputy Mayor (Councillor Dr. J. C. de Wet), and Councillors H. L. Strydom and G. E. Hendriksz have been elected as alternates in that order of precedence.

**HOUSING**

We are all aware of the desperate need for good housing at reasonable rentals and of the need to meet the demand with the least possible delay.

We have to face the fact that building costs are high and likely to become higher still.

At the recently held Congress time and thought were devoted to this all important problem. It has been suggested to the Government that the rate of interest on economic housing loans be reduced to 3%. It Considers that the gap between sub-economic rentals and economic rentals is far too wide because of the prevailing rate of interest of 5½% and the comparatively short redemption period for economic loans.

If the recommendation of the Congress is accepted, economic rentals could become more realistic and housing could be given an impetus in the right direction.

**BUILDING CONTROL**

Judging by the number of phone calls received, there appears to be a great deal of uncertainty amongst the public as to who is responsible for the building control, which was

recently instituted by the Government, and it may be of assistance if I explain what the position is. The Department of Community Development is solely responsible and not the Municipality. A circular letter from the Department is available at the office of the Town Engineer which contains information as to what types of buildings are subject to control and which may not be built without a permit.

The Municipality, in the same way as it has done hitherto, examines and approves or disapproves all building plans submitted in terms of the Council's Town Planning Scheme and the Building Regulations.

Immediately after each meeting a full list of all plans is sent out to the Department of Community Development, and the Department then calls up for inspection all those plans which it considers might be subject to control.

Although no obligation rests on the Municipality to do so, it is natural that the applicants for approval of plans are informed of the position.

## JAN MARAIS PARK WILD FLOWER RESERVE

The Council has given a great deal of thought to the future of the Jan Marais Park. Owing to general planning problems which the development of the town has created, decisions were not always easy to take. The Council has now, however, resolved to proceed with the fencing of the whole park.

The relevant ordinance requires that an Advisory Board must be established for the purpose of advising the Council and making recommendations relating to the control, management and general welfare of the Wild Flower Reserve. The Council has resolved to suggest to the Provincial Administration that the Advisory Board be constituted as follows:

(1) Three Councillors.
(2) Two representatives of the Department of Nature Conservation.
(3) Three private members, namely Mrs. C. van Eeden, Prof. P. G. Jordaan and Mr. F. Thiart.

The Council has nominated the three private members because of their interest in these matters, particularly the preservation of our indigenous flora and appreciates their willingness to co-operate with the Council in the interest of the public of Stellenbosch generally.

W. C. DEMPSEY.

PRO EC. 5/65-A 271